

Bees-luis-vlieg ... Luis of Vlieg?

Perdevlieg (*Hippobosca rufipes*) Hondevlieg (*Hippobosca longipennis*)

In die volksmond is hulle bekend as die **perdevlieg en hondevlieg**. Van naby bekyk sien ons hoe hulle namekaar lyk, en dit word duidelik hoekom hulle aan dieselfde familie behoort; die vorm is amper dieselfde, die manier van beweeg en natuurlik die soort voedsel: **dis bloed**.

Hierdie groep parasitiese vlieë het al bestaan, toe die aardbol nog deur prehistoriese diere bevolk was, en blykbaar het hulle so goed aangepas, dat hulle vandag nog hier is. Hulle kom in tropiese en subtropiese gebiede wêreldwyd voor. Waar hulle voorheen nie tuis was nie, is hulle deur die invoer van besmette diere in die land ingebring.



Perdevlieg (Hippobosca rufipes)



Hondevlieg (Hippobosca longipennis)

Perdevlieë is goeie vlieërs, nie op afstand nie, maar hulle vlieg gedurig in een trop tussen wildsbokke, beeste en perde bv. heen en weer, tap hier 'n bietjie bloed, dan daar 'n bietjie. As hulle gaan sit op 'n dier, skuif hulle teen die haargroei onder die hare in en klou dan daar behoorlik vas om 'n maaltyd te nuttig. Die ses pote het voor sterk kloue en word sywaarts uitgestrek, ietwat krapagtig.



Suigaparaat en sterk kloue is goed sigbaar

Baie van ons is al deur 'n perdevlieg gebyt en weet dat die bytplek 'n harde knop vorm, wat vir 'n redelike tyd nog voelbaar hard is en jeuk. Dit is nog nie werklik bewys dat hierdie vlieë siektes oordra, al dan nie, maar as diere te erg besmet is, word te veel bloed onttrek, die dier word swak a.g.v. bloedarmoede, verloor sy eetlus en die bytplekke begin ontsteek. Die dier is pal geïrriteerd en die kondisie gaan sigbaar agteruit. Die vlieë kan d.m.v. dosering met 'n middel teen ektoparasiete beheer word.

Daar is 'n luisvlieg (Melophagus ovinus) wat slegs op skape kan lewe. Die vlieg kan nie vlieg nie, dit het nie vlerke nie, en dis seker waarvandaan die *luis* in die naam vandaan kom. Dit klim van een skaap tot die ander oor. Afgesien van die agteruitgang van diere se kondisie by hewige toetakeling, word die vag by die bytplekke beskadig en die wol verkleur, wat waardevermindering tot gevolg het.

Daar is 'n volstruisvlieg (Hippobosca struthionis), 'n duiwevlieg (pidgeon fly), 'n vlêrmuisvlieg, 'n kameelvlieg en dan ook 'n **hondevlieg (Hippobosca longipennis)**.



So skuif die vlieg in die hond se hare in om by die vel te kom

Die hondevlieg, wat in die natuur ook op groot katte, wilde katte, wilde honde en hiënas, jakkalse en soortgelykes voorkom (soms in swerms!), het eers in die tagtigerjare op ander kontinente sy opwagting gemaak. Die hondevlieg is saam met luiperds en/of jagluiperds na Amerika en Europa ingevoer, het goed aangepas, gekom om te bly.

Vir die betrokke dieretuine was dit 'n **groot ergernis**, want die ou vliegjie het ook op die ander kat- en hondagtiges gaan sit en bloed tap.

Ons honde raak vreeslik geïrriteerd as 'n hondevlieg by hulle kom kuier: Hulle hol rond, stert tussen die bene, en probeer in 'n donker hoekie wegkruip ...nie dat dit veel help nie. Wat wel help, is 'n "tick collar"; dit hou bosluise en ander bloedsuiers weg.

Hoewel perdevlieë by mense bloed suig, het ek nog nie gesien of gehoor, dat hondevlieë dit ook doen nie.

Hierdie vlieë is maar waarmee die warmbloediges moet lewe. As hulle by ons huisdiere te veel pla, kan ons probeer beheer.

Lees gerusdie artikel oor hondevlieë onder die volgende link:

www.cfsh.iastate.edu/Factsheets/pdf/hippobosca_longipennis.pdf

Inligtingsbronne:

Field Guide to Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Siektes en Parasiete van Beeste, Skape en Bokke in SA (P.Oberem, D.Odendaal, PT.Oberem, MGS.Snyman, L.Ludwig, H.Mynhardt)

Notes on Hippoboscidae (December 1930/J.Bequaert)

Foto van perdevlieg: Alex Dreyer (Dankie!)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Januarie 2017